DAG 29-Voorwaardes vir Herlewing: VEROOTMOEDIG/BEROU /BELY…(2 Kron.7:14)

*Die Here is goed vir sy volk, Hy **kroon** die hulpeloses met oorwinning (Ps.149:4).*

NV: Psa 149:4 Want die HERE het ‘n welbehae in sy volk; Hy **versier** die ootmoediges met heil.
AMPL - Psa 149:4 For the Lord **takes pleasure** in His people; He will **beautify the humble** with salvation and **adorn** the wretched with victory.
GNB - Psa 149:4 The LORD takes pleasure in his people; he **honors** the humble with victory.

LEES: Ps 147:11 ; Ps 145:20
AMPL: Psa 147:11 The Lord takes pleasure in those who reverently and worshipfully fear Him, in those who hope in His mercy and loving-kindness. [*Ps. 145:20.*]

MESSAGE: -Psa 145:20 GOD sticks by all who love him, but it's all over for those who don't.

Vader en Heerser oor alle dinge, terwyl ons onsself verootmoedig, vra ons vir U wysheid en openbaring in ons lewens. Lei ons om in U te lewe en in U te beweeg sodat U daardeur verbly sal word. Ons vra dat U sal kom en diegene wat hulleself verootmoedig, sal kroon met verlossing, hulle krag sal hernu en hulle met arendsvlerke sal laat opstyg.

Stof tot Nadenke…
Christene vertel nie leuens nie, hulle sing dit net in hulle gesange. – AW Tozer.

Onophoudelike Gebed:
Here Jesus, help my asseblief om my greep op die wêreld te los en om aan U vas te hou.

DAG 30-Voorwaardes vir Herlewing: BEGEER

Mar 11:24 Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed **vra**, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry.
Mar 11:24 Therefore I say unto you, **What things soever** ye **desire**, when ye pray, believe that ye receive *them*, and ye shall have *them*.

VRA/BEGEER - Grieks = " *aiteo*" = -ask, beg, call for, crave, desire

Fil 4:6-7 Wees oor niks besorg nie, maar laat julle **begeertes** in alles deur
(1) **gebed** (Prayer)en
(2) **smeking** (Petition) met
(3) **danksegging** (Thanksgiving) bekend word by God.
En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus.

God, ons Redder, Dankie dat ons , ons begeertes aan u bekend mag maak, Here , maak ons U hartsbegeerte bekend sodat ons kan begeer wat U begeer. Vader, ons begeer dat U krag oor my as indiwidu, en oor ons gemeente uitgestort word sodat ons gemeente ons wereld rondom ons kan verander.

Stof tot Nadenke…

'n BEGEERTE ontstaan en word gebore vanuit 'n GROOT BEHOEFTE. HERLEWING het GELOOF NODIG en GELOOF het 'n BEGEERTE nodig; Wie nie begeer nie....sal nie he nie....die verskil is net dat ons ons eie selfsugtige begeertes wil bevredig in plaas van God se begeertes.

Onophoudelike Gebed:

O Here, ek begeer U teenwoordigheid.

DAG 31-Voorwaardes vir Herlewing: …BEGEER

1Kon 3:5 . en God het gesê: **Begeer** wat Ek jou moet gee.
1Ki 3:5 And God said, …….**Ask** what I shall give you.

Hebreeus – “sha'al” - to inquire; to request; to demand:-- ask beg, borrow, lay to charge, consult, wish.

1Kon 3:11 En God het vir hom gesê: Omdat jy hierdie **versoek gedoen het** en
(1)nie vir jou ‘n lang lewe **begeer** het en
(2)nie vir jou rykdom **begeer** het en
(3)nie die lewe van jou vyande **begeer het** nie,
maar vir jou verstand begeer het om regsake te verhoor,
vers 12 so doen Ek dan volgens jou woord: …..
vers 13 Ja, selfs wat jy nie begeer het nie, sal Ek jou gee,

Jak 1:5 En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt, en dit sal aan hom gegee word.

O God wat ewig lewe, ons bid dat U sal aanhou om Uself aan hierdie geslag te openbaar soos U in die Bybelse tyd gedoen het.Waar ons in die verlede selfsugtig was in ons begeertes , kom ons ook en vra WYSHEID en INSIG en KENNIS om die wil van die Vader te doen. Ons weet dat U ons behoeftes ken, en sal voorsien, daarom is ons begeerte eerder na dit wat ewigheidswaarde het. Al die eer behoort aan U.

Stof tot Nadenke…

Wanneer God herlewing stuur, is dit nie vir die genot van die Kerk nie, maar tot eer van sy naam; en Hy deel daardie eer nie met mense nie. Die oomblik as iemand spog met wat hulle bereik het, onttrek God sy heerlikheid. – David Morgan.

Onophoudelike Gebed:

Here Jesus, vergewe my vir die kere wat ek die eer wat U toekom, vir myself geneem het.

DAG 32-Voorwaardes vir Herlewing: …BEGEER/

Psa 27:4 Een ding het ek van die HERE **begeer**, dit sal ek **soek**: dat ek al die dae van my lewe mag woon in die huis van die HERE, om die lieflikheid van die HERE te aanskou en te ondersoek in sy tempel.

AMPLIFIED - Psa 27:4 One thing have I asked of the Lord, that will I seek, inquire for, and [*insistently*] require: that I may dwell in the house of the Lord [*in His presence*] all the days of my life, to behold and gaze upon the beauty [*the sweet attractiveness and the delightful loveliness*]

MESSAGE - Psa 27:4 I'm asking GOD for one thing, only one thing: To live with him in his house my whole life long. I'll contemplate his beauty; I'll study at his feet.

Here, U wat ons Skuilplek is, vandag is daar meer en meer mense wat afvallig word van die geloof en kerk, (**1 Tim 4:1**)Ek bid vir groter begeerte om die Here te dien en dat ons nie die onderlinge byeenkoms sal nalaat soos sommige die gewoonte het nie. – (**Heb 10:25**)

Stof tot Nadenke…

Ons bid vir die herstel van God se eer onder sy kinders, want ons kan dit nie verdra dat God aanhoudend onteer word deur die wêreldsgesindheid, onverskilligheid en koudheid van die Kerk, die sonde en boosheid rondom ons,en die verwaande ongeloof en trots wat aan die orde van die dag is nie.

Uittreksel: Breath of Heaven deur Ken Terhoven.

Onophoudelike Gebed:

Here Jesus, mag my lewe u naam verheerlik.

DAG 33-Voorwaardes vir Herlewing: …BEGEER

2Kon 2:9 En nadat hulle deur was, sê Elía vir Elísa: **Begeer** wat ek vir jou moet doen, voordat ek van jou af weggeneem word. En Elísa antwoord: Laat dan tog ‘n **dubbele deel** van u gees op my kom.
AMPL - **2Ki 2:9** …, **Ask** what I shall do for you before I am taken from you. …., let a **double portion** of your spirit be upon me.

MESSAGE: -2Ki 2:9 ….."**Your life repeated in my life**. I want to be a holy man just like you."

.

[

Here, God van Waarheid, ons roep uit na U om ons genadig te wees, want sal U nog geloof op die aarde vind as U weer kom?(Luk 18:8) Gee ons ‘n dubbele mate van geloof, ‘n dubbele mate van die salwing wat op die groot manne van God was, sodat ons selfs groter dinge kan doen as wat U gedoen het hier op aarde.

Joh 14:12 *Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo—die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan*

Stof tot Nadenke…

Die eerste en vernaamste bewys dat iemand die doping met die Heilige Gees ervaar het, is dat so ‘n persoon ‘n heilige lewe begin lei.
Uittreksel: Revival Prayer deur Leonard Ravenhill.

Onophoudelike Gebed:

Heilge Gees, ek begeer groter salwing.

DAG 34-Voorwaardes vir Herlewing: ...BEGEER

1Tim 3:1 Dit is 'n betroubare woord: as iemand na 'n opsienersamp **verlang, begeer** hy 'n voortreflike werk.
MESSAGE - 1Tim 3:1 If anyone **wants** to provide leadership in the church, good!
AMPL - 1Tim 3:1 … If any man [*eagerly*] seeks, he **desires** an excellent task (work).
KJV - 1Ti 3:1 …If a man **desire** ,..he desireth a good work.

DIE EIENSKAPPE WAARAAN LEIERS MOET KAN VOLDOEN:
1. Iemand met sober gewoontes en wat 'n goeie getuienis dra vanaf die gemeente -1Tim 3:2-3 ; 1 Tim 5:19
2. Iemand met goeie getuienis vanaf sy eie huisgesin - 1Tim 3:3-5;
3. Iemand wat al gegroei het in die geloof – 1 Tim 3:6
4. Iemand van goeie gedrag en met goeie getuienis vanaf die Gemeenskap – 1 Tim 3:7
5. Iemand wat Leierskap en Geloof openbaar – 1 Tim 3:9
6. Iemand wat bereid is om toets te deurstaan – 1 Tim 3:10
7. Iemand wat getrou is in sy/haar Tiende - Mal 3:8-11
8. Moet kan sorg dra vir die gemeente en 'n voorbeeld wees
1Pe 5:2-3 *Hou as herders **toesig** oor die kudde van God wat onder julle is, nie uit dwang nie, maar gewilliglik; nie om vuil gewin nie, maar met bereidwilligheid; ook nie as heersers oor die erfdeel nie, maar as **voorbeelde** vir die kudde.*

Vader , ek bid dat ek en ons ander mede-gelowiges nie tevrede sal wees met min nie, maar sal begeer om meer te KRY van U heerlikheid, meer sal WEES as wat ons was en MEER sal kan DOEN as wat ons voorheen gedoen het. Elke lidmaat behoort 'n leier te kan word, daarom help my om dit te wees wat U wil he ek moet wees. Ons bid vir ons leierskap dat u hulle sal seen en gebruik want ons weet Here, saam met GROOT KRAG kom GROOT VERANTWOORDELIKHEID..

Stof tot Nadenke…
God wag om te sien of diegene wat sê dat hulle begaan is oor die toestand van die Kerk en volk, ernstig genoeg is om te begin bid. – **Duncan Campbell**.

Onophoudelike Gebed:
Here Jesus, ons begeer goeie LEIERSKAP...

DAG 35-Voorwaardes vir Herlewing:BEGEER

O.V – **1Kor 12:31** Maar **beywer** julle met die oog op die beste gawes; en ek wys julle ‘n nog uitnemender weg.

N.V – 1Kor 12:31 Lê julle toe op die beste genadegawes.

KJV - 1Co 12:31 But **covet** earnestly the best gifts: and yet shew I unto you a more excellent way.

AMPL -1Co 12:31 But earnestly **desire and zealously cultivate** the greatest and best gifts and graces (the higher gifts and the choicest graces). And yet I will show you a still more excellent way [*one that is better by far and the highest of them all--love*].

MESSAGE - 1Co 12:31 And yet **some of you keep competing for so-called "important" parts.** But now I want to lay out a far better way for you.

Regverdige Vader, baie dankie dat U Uself deur Jesus Christus aan ons kom bekend maak het, deurdat U Hom uit liefde aan ons gegee het. Gee dat ons sal verstaan dat Hy U in alles gehoorsaam was en sodoende vir ons 'n voorbeeld is.

Stof tot Nadenke…

God verwag nie dat ‘n mens in elke opsig perfek moet wees nie, maar Hy verwag tog dat hy God bo alles soek. – AW Tozer.

Onophoudelike Gebed:

Here Jesus Christus, ek wil wees waar U is.

“Jy mag dalk nie verstaan nie, maar die enigste manier waarop ek dit kan verklaar is: Verlede Dinsdagoggend, omtrent twintig oor elf, het die Here Jesus in die Hughes Ouditorium ingeloop, en Hy is nog steeds hier. Die hele gemeenskap is hier om aan Hom eer te bewys. – **Dennis Kinlaw, Asbury Colley Revival (1970).**

SELGROEP - WEEK5

WELKOM:
AANBIDDING:
WOORD:

1. Wat het jou die meeste geraak van die afgelope week se materiaal?_____

2. WAT VERSTAAN JY ONDER DIE VOLGENDE?
Nee, as jy bid, gaan na jou kamer toe, maak die deur toe en bid tot jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon (Matt.6:6).

3. ***MAAK LYS VAN MENSE WAT JULLE DINK HET GEBED NODIG EN OM DIE BEURT BID VIR HULLE***
volgens: Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir ***alle*** *mense (1 Tim.2:1).*
Selfs jou vyande: (Matt.5:44-45).

4. GOD luister na jou hart, nie die mooi woorde wat jy gebruik nie. BESPREEK?
Wanneer julle bid, moet julle nie soos die heidene 'n stortvloed van woorde gebruik nie. Hulle verbeel hulle hulle gebede sal verhoor word omdat hulle baie woorde gebruik (Matt.6:7).

5. WANNEER DINK JY BID 'n Mens VERKEERD?
As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig (Jak.4:3).

6. Dink jy dit is reg om jou familie eenkant toe te skuif om jouself aan gebed te wy?
Lees:(1 Kor.7:5); Matt 10:37; Maar wat van: 1 Pet 3:7

7. Dink jy God stel ook in ons begeertes belang ?
Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend (Fil.4:6); **Lees: weer Psa 37:4 ; Hoe sluit dit aan by Matt 6:30-33**

VISIE: BID VIR HERLEWING